# WYLE PROF. H. G. VILJOEN.

Op die 10de Desember 1952 is Hendrik Geldenhuys Viljoen oorlede. Hoewel sy gesondheid al geruime tyd te wense oorgelaat het, het die berig van sy afsterwe vir die meeste van sy kollega's, studente en oud-studente tog onverwags gekom, want kort tevore is nog met groot blydskap verneem dat 'n heel delikate operasie met welslae op hom uitgevoer is.

Eintlik kan 'n mens nie praat van „oud-studente" van Prof. Viljoen nie. As mens eenmaal onder sy kundige leiding studeer het, laat die beeld van hierdie man mens nie meer los nie. Afgesien van die indruk wat sy fenomenale belesenheid en kritiese oordeel by sy studente nagelaat het, het veel van die sonderlinge maar tiperende segswyses van Prof. Viljoen feitlik deel gaan word van die taalskat van sy hoorders. Alle studente sal sy vinnige en rake replieke onthou, solank as wat hulle hierdie heengegane leermeester sal onthou. Sy kennis het hy deurgegee aan en sy stempel het hy afgedruk op letterlik honderde predikante en teologe in Suid-Afrika. Feitlik drie-kwart van die predikante-corps van die Ned. Hervormde Kerk het die voorreg gehad om onder hom te studeer. Hy het nooit een van sy studente vergeet nie maar uit sy vrae by 'n herontmoeting het altyd weer geblyk dat hy met belangstelling die loopbaan van sy gewese studente gevolg het.

Ten dele kon die hoë peil van die teologiese studie aan die Universiteit van Pretoria alleen gehandhaaf word op grond van die grondige voorstudie wat studente by Prof. Viljoen geniet het. Sedert Augustus 1931, toe hy wyle Prof. Reynink opgevolg het in die leerstoel vir Griekse Letterkunde, het hy daardie leerstoel uitgebou tot een van die vernaamste en ge-eerdstes aan die Universiteit. En daarmee is veel gesê want die dertiger jare was van die moeilikstes in die bestaan van die Universiteit van Pretoria. Dit was die tyd van die afrikaanswording. Die strome van antipatie teen hierdie afrikaanse sentrum van hoër opleiding in die Noorde, is skaars-skaars vergoed deur die warme ondersteuning van simpatiseerders. Prof. Viljoen het met sy aankoms hier dadelik in die middel van die stroom gaan staan, as leerkrag en as voorvegter van die ideaal van 'n afrikaans-talige universiteit. Vir beide hoedanighede was hy goed voorberei. Sy rekord as student is lofryk. In 1912 het hy sy voorstudie met lof voltooi aan die Kaapstadse Universiteit. Van alle kandidate in die land was hy die hoogste. Daarna vertrek hy na Groningen waar hy in 1915 onder Prof. Vollgraaf promoveer op die proefskrif, Herodoti Fragmenta in Papyris Servata. Die doctors-graad het hy met lof behaal. Hy het

ook nog in sy Groningse jare colleges gevolg by die beroemde Prof. van Wageningen. In sy aanbevelingsbrief na die Universiteit van Pretoria, kom die volgende sinsnede voor: "Dr. Viljoen is considered by those competent to judge, as being one of the most outstanding students in Greek and Classics and Classical Studies in South Africa." Sy loopbaan as hoogleraar het die waarheid van hierdie oordeel bevestig. So ook sy publikasies van internasionale formaat.

Maar ook vir die stryd om die afrikaanswording van die Universiteit van Pretoria was hy goed toegerus deur sy ingebore rake oordeel, sy warme liefde vir die volks-eie en deur die termyn wat hy gedien het as hoofredakteur van Die Huisgenoot.

In 'n dankbare terugblik op die lewe van hierdie betekenisvolle man wil die redaksie van die Hervormde Teologiese Studies sy medelyde betuig teenoor mevrou Viljoen en haar kinders en ook teenoor die Universiteit van Pretoria in 'n moeilik oorkombare verlies.

A. S. GEYSER.